Pasop vir MIV-tuistoetse

ANTOINETTE PIENAAR

'RETORIA. – Die Nasionale Patologie-roep (NPG) het mense gister teen MIV-uistoetse gewaarsku nadat 'n Kaapse stu-ent verkeerdelik MIV-positief getoets et met een van dié toetse.

Die NPG, wat deel van die Suid-Afri-aanse Mediese Vereniging (SAMV) is, et gesê baie van dié produkte word van eral in die wêreld na Suid-Afrika inge-oer.

Geen gehaltebeheer of standaard word gter vir die invoer daarvan gestel nie.

Die NPG het in 'n mediaverklaring gesê laar is verskillende MIV-virusstamme oor die wêreld heen. Dit is nie eens duide-ik of die toetse ontwerp is vir die stamme vat hoofsaaklik in Suid-Afrika voorkom nie.

Die patoloë meen angs en spanning kan veroorsaak dat 'n persoon nie die aanwysings behoorlik volg as dit by die huis gedoen word nie.

In Suid-Afrika moet mense ingeligte toestemming gee vir MIV-toetsing in 'n hospitaal. Dit moet met berading voor en ná die tyd gepaardgaan.

Die NPG se waarskuwing kom ná 'n berig oor 'n 22-jarige student van Kaapstad wat 'n tuistoets by 'n apteek gekoop het sonder dat sy berading ontvang het.

Sy het MIV-positief getoets en was erg geskok.

'n Tweede toets by 'n private hospitaal het getoon sy is MIV-negatief.

Navorsers in Singapoer het verlede jaar gesê een van hul studies het getoon meer as die helfte van toetsresultate was ongeldig toe deelnemers self MIV-tuistoetse gedoen het.

Nadat opgeleide gesondhe die toetse oorgedoen het, was die resultate geldig. Dit het van die pasiënte het nie al die gedoen toe hulle self die toetse nie.

Die verspreiding van mi tuistoets is twee jaar gelede h nadat die departement van die SAMV en die destydse Far Vereniging daarteen beswa het.

Die departement het ree mense teen tuistoetse vir M sku. Die departement is onde dat oningeligtes, wat nie periode vir MIV-bespeuring v dink hulle kan 'n tuistoets gend ná onveilige seks.